

Saterdag 31 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 4:4-6

Fokusgedeelte: Maleagi 4:4-6

Wees gereed vir die dag van die Here!

Om gereed te wees vir die dag van die Here, is 'n deurlopende opdrag in die Bybel. Die Here kom – nie ons of sy volk in die Ou Testament weet wanneer nie – en daarom moet ons waaksaam wees. Paraat. Voorbereid. Gereed.

Die Ou Testament praat op verskeie plekke van “die dag van die Here”. Dit verwys na 'n dag wat die Here sal ingryp en oordeel. Die boek Maleagi bevat verskeie verwysings na hierdie dag (Mal. 3:2, 17; 4:1, 3), en die boek eindig ook hiermee.

In die slotwoorde van die boek Maleagi troos die Here sy volk met die belofte dat Hy, voordat hierdie dag aanbreek, vir hulle die profeet Elia sal stuur. Hy sal iemand stuur wat optree in dieselfde gees en krag as Elia van ouds om die volk voor te berei op hierdie dag (Luk. 1:16-17). Hierdie Elia sal die volk met mekaar versoen, en hulle oproep en lei tot gehoorsaamheid aan die Here.

In die Nuwe Testament lees ons dat Johannes die Doper die Elia is wat sou kom (Matt. 11:14; 17:13). Hy het die volk voorberei vir die Here Jesus se koms. Die Elia waarvan Maleagi 4:5-6 praat, het dus reeds gekom. Die dag van die Here waarna Maleagi 4:5-6 verwys, het dus reeds aangebreek. Maar daar lê nog 'n dag van die Here voor. Christus kom weer. Wanneer dit sal wees, weet ons nie. Maar ons weet wat ons opdrag is: ons moet gereed wees vir sy koms. Ons moet so lewe dat ons die Here enige oomblik op die wolke verwag. Dit doen ons deur gehoorsaam aan sy Woord te lewe (Mal. 4:4).

En wanneer ons dit doen, kry ons vir onself geloofsekerheid. Dan sien ons uit na daardie dag. Dan bid ons saam met die kerk van alle eeue: Kom, Here, en kom tog gou (Op. 22:20).

Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5 (43)

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)